**<u>IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA</u>**
**(ORANJE VRYSTAATSE PROVINSIALE AFDELING)**

Hersiening Nr. : 736/08

In die hersiening tussen:

**<u>DIE STAAT</u>**

*versus*

**<u>KHOTHATSO ERIC LEIEE</u>**

---

| | |
|---|---|
| **<u>CORAM:</u>** | CILLIé, R *et* WRIGHT, R |
| **<u>UITSPRAAK DEUR:</u>** | WRIGHT, R |
| **<u>GELEWER OP:</u>** | 20 NOVEMBER 2008 |

---

[1] In hierdie geval is die beskuldigde skuldig bevind aan huisbraak met die opset om te steel en diefstal. Die betrokke vonnis is egter in geheel opgeskort vir 4 jaar

> "op voorwaarde dat die beskuldigde nie skuldigbevind word aan huisbraak met die opset om te steel gepleeg binne die tydperk van opskorting nie".

Die landdros het aangedui dat hy per abuis vergeet het om die woorde "en diefstal" in die opskortingsvoorwaarde in te voeg. Klaarblyklik is dit in belang van die beskuldigde dat dit

gedoen moet word en die opskortingsvoorwaarde word derhalwe gewysig sodat die vonnis dan soos volg lui:

> "Ingevolge artikel 276(1)(b) Wet 51 van 1977 word die beskuldigde gevonnis tot 18 (agtien) maande gevangenisstraf wat in geheel opgeskort word vir 4 (vier) jaar op voorwaarde dat die beskuldigde nie skuldig bevind word aan huisbraak met die opset om te steel en diefstal gepleeg gedurende die tydperk van opskorting nie."

**G.F. WRIGHT, R**

Ek stem saam.

**C.B. CILLIé, R**

/sp